**15 Maart**

**Skrifgedeelte: Jona 3**
**Fokusgedeelte: Jona 3:10**

## Bekering bring lewe!

Aangrypend dat ’n hele, baie groot stad, met 120 000 inwoners (Jona 4:11), op die rand van ’n donker afgrond staan! Op pad na die ewige dood! Die HERE gee aan hulle net 40 dae genadetyd, bekeringstyd. Wat sal jy graag in jou lewe wil verander as jy die boodskap kry dat jy nog net 40 dae genadetyd het?

Bekering is ’n opdrag, ’n dringende moet! Anders ... die dood, die ewige dood. Bekering beteken om ’n totale ommekeer te maak. Waar mens met ’n bepaalde besluit of optrede of lewenspatroon op pad is weg van God af, moet jy ’n volledige omkeer maak en na Hom toe beweeg.

Bekering is nooit, na ons menslike natuur, aangenaam nie, want dit bring ’n radikale verandering teweeg. Dit is egter die enigste manier om weer met God in vrede te kom! Eers dan besef mens dat Jesus se las lig is, en sy juk sag ... God het, in Christus, die berouvolle sondaar lief. Baie lief! Tot in die ewige lewe lief!

As Hy soveel genade vir die hele, grote, heidense stad gehad het, het Hy dit ook vir ons elkeen wat elke dag na Hom toe omdraai!

*Sing: Psalm 73:12 (1936)*

*Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Groblersdal)*